| Klanklys 1 – aa | |
|---|---|
| baas | Meneer Vos is die baas van die skool. |
| maag | My maag is seer. |
| naam | Wat is jou naam? |
| haar | Sy doen haar werk. |
| haas | Die haas spring oor die veld. |
| jaag | Flappie jaag die kat. |
| maak | Ek help my mamma om kos te maak. |
| taal | Watter taal praat jy? |
| maan | Die maan skyn in die nag. |
| laan | Ons kyk 7de Laan. |

| Klanklys 2 – bl- | |
|---|---|
| blaar | Die blaar is groen. |
| blou | Sy hemp is blou. |
| blus | Die brandweer blus die vuur. |
| blink | In die aand blink die sterre. |
| blom | Daar groei 'n mooi blom in die tuin. |
| blaf | My hond blaf vir die kat. |
| blaas | Ek blaas borrels in die bad. |
| blind | Iemand wat nie kan sien nie is blind. |
| bly | Sy is bly dat sy kan gaan swem. |
| blits | Kalla hardloop so vinnig soos blits. |

| Klanklys 3 – ee | |
|---|---|
| weer | Vandag se weer is warm. |
| eet | Ek eet my kos. |
| geel | Die son is geel. |
| leeg | My koeldrank bottel is leeg. |
| neer | Sit jou tas op die grond neer. |
| seep | Jy was jou lyf met seep. |
| lees | Ek lees 'n boek. |
| veel | Ek het te veel koeldrank ingegooi. |
| peer | 'n Peer is 'n vrug. |
| leen | Mag ek asseblief jou gom leen? |

| Klanklys 4 – gl- en kl- | |
|---|---|
| glad | Die seep maak my hande glad. |
| glimlag | Sy glimlag mooi vir die foto. |
| gly | Ek gly by die glyplank af. |
| glo | Kan jy glo dat dit vandag Vrydag is? |
| glas | Moenie die glas breek nie! |
| klaar | Almal moet nou klaar eet. |
| klas | Ek is in die Graad 1 klas. |
| klop | Ons klop voor ons by 'n deur instap. |
| klim | Kan jy tot bo in die boom klim? |
| klam | Iets wat 'n bietjie nat is, is klam. |

## Klanklys 5 – oo

| | |
|---|---|
| boom | Die <u>boom</u> het groen blare. |
| hoof | Meneer Vos is die <u>hoof</u> van die skool. |
| doof | Iemand wat nie kan hoor nie is <u>doof</u>. |
| koop | Mel <u>koop</u> 'n bal by die winkel. |
| oor | Met my <u>oor</u> kan ek hoor. |
| boot | Die <u>boot</u> seil op die water. |
| hoog | Die apie sit <u>hoog</u> in die boom. |
| noot | Sy speel 'n <u>noot</u> op die klavier. |
| loop | Hulle <u>loop</u> na die huis toe. |
| hoor | <u>Hoor</u> hoe mooi sing die koor. |

## Klanklys 6 – vl- en fl-

| | |
|---|---|
| vlag | Ons land se <u>vlag</u> het ses kleure. |
| vlei | Die paddas kwaak in die <u>vlei</u>. |
| vlieg | Daar <u>vlieg</u> 'n vliegtuig in die lug. |
| vlam | 'n Kers se <u>vlam</u> gee lig. |
| vleg | Sy laat haar hare by die salon <u>vleg</u>. |
| vlug | Die muis <u>vlug</u> van die uil wat kos soek. |
| vlak | Ek kan in <u>vlak</u> water swem. |
| vlinder | <u>Vlinder</u> is nog 'n naam vir skoenlapper. |
| fluks | Ons werk <u>fluks</u> in die klas. |
| flamink | 'n <u>Flamink</u> is 'n voël met lang bene. |

## Klanklys 7 – uu

| | |
|---|---|
| uur | Ek moet ag uur gaan slaap. |
| duur | Dit is baie duur om 'n huis te koop. |
| suur | Die lemoen proe suur. |
| huur | Ons huur ons huis by die oom. |
| bestuur | Mamma bestuur die motor. |
| muur | Hulle verf die huis se muur blou. |
| nuus | Pappa kyk die nuus op die televisie. |
| nuut | My rok is nuut. |
| stuur | Juffrou stuur my kantoor toe. |
| vuur | Pappa gaan vleis braai op die vuur. |

## Klanklys 8 – pl- en sl-

| | |
|---|---|
| plek | Juffrou sê op watter plek ek moet sit. |
| plan | Ek maak 'n plan om my potlood te soek. |
| plus | Een plus een is gelyk aan twee. |
| plak | Ons gebruik gom om papier mee te plak. |
| plaas | Die boer het lemoenbome op sy plaas. |
| sleg | Party medisyne proe sleg. |
| slim | Ek leer slim dinge by die skool. |
| slaan | Jy mag nie jou maat slaan nie. |
| slap | Iets wat nie styf is nie is slap. |
| sleep | Die trekker sleep die bakwa. |

| Klanklys 9 – ie | |
|---|---|
| bier | Pappa drink 'n bier. |
| dier | 'n Hond is 'n dier. |
| hier | Kom gou hier. |
| kieme | Was al die kieme van jou hande af. |
| kierie | Oupa loop met 'n kierie. |
| kies | Kies watter lekker jy wil hê. |
| nie | Ek hou nie van goggas nie. |
| nies | Die stof laat my nies. |
| sakkie | Pak die tellers in 'n sakkie. |
| sien | Mense wat blind is, kan nie sien nie. |

| Klanklys 10 – -nd | |
|---|---|
| hond | Die hond eet 'n been. |
| sand | Kom ons gaan speel in die sand. |
| grond | Ons plant saad in die grond. |
| rand | 'n Pakkie lekkers kos vier rand. |
| hand | Ek het vyf vingers aan my hand. |
| tand | Mamma trek my tand uit. |
| mond | Maak jou mond toe wanneer jy eet. |
| brand | Die vuur brand lekker. |
| band | Sy dra 'n band om haar kop. |
| strand | Hy bou 'n sandkasteel op die strand. |

| Klanklys 11 – oe | |
|---|---|
| moeg | Ek raak moeg wanneer ek hardloop. |
| zoem | Die by zoem om die blom. |
| soet | Suiker is soet. |
| proe | Party medisyne proe nie lekker nie. |
| ploeg | Die boer ploeg die land. |
| soen | Mamma gee vir my 'n soen. |
| toe | Maak asseblief die deur toe. |
| boetie | Haar boetie is drie jaar oud. |
| vroeg | Pappa staan vroeg in die oggend op. |
| voel | Sussie hoes en voel siek. |

| Klanklys 12 – dr- en gr- | |
|---|---|
| drup | Die water drup by die kraan uit. |
| dra | My tas is swaar om te dra. |
| drink | Moet ek al my koeldrank drink? |
| draak | Die draak blaas vuur by sy mond uit. |
| droom | Ek droom dat ek kan vlieg! |
| groen | My gunsteling kleur is groen. |
| grys | My maatjie het 'n grys kat. |
| grond | Babas moenie grond eet nie. |
| grom | Hoor hoe grom die hond vir die kat. |
| gras | Ons speel lekker op die gras. |

| Klanklys 13 – ei | |
|---|---|
| meisie | Kyk hoe mooi is die meisie se rok. |
| wei | Die skape wei in die veld. |
| klein | 'n Muis is 'n baie klein dier. |
| Mei | Anda verjaar in Mei. |
| brei | Ouma brei vir my 'n serp. |
| trein | Het jy al in 'n trein gery? |
| lei | Die kaptein lei die krieket span. |
| geheim | Jy mag nie die geheim vertel nie. |
| brein | Jou brein is in jou kop. |
| klei | Ek hou daarvan om met klei te speel. |

| Klanklys 14 – br- en kr- | |
|---|---|
| broek | Hy dra 'n broek en 'n hemp. |
| bril | Oupa se bril help hom om te lees. |
| brul | 'n Leeu brul baie hard. |
| brood | Mamma koop 'n brood by die winkel. |
| breek | Glas kan maklik breek. |
| krom | Iets wat nie reguit is nie is krom. |
| kraan | Jy moet die kraan styf toedraai. |
| krap | Moenie op jou bladsy krap nie. |
| krul | Haar hare krul. |
| kry | Vandag gaan ek 'n bal kry. |

| Klanklys 15 – eu | |
|---|---|
| deur | Maak asseblief die deur toe. |
| steur | Jammer dat ek steur. |
| geur | Die blomme het 'n heerlike geur. |
| Europa | My tannie bly oorsee in Europa. |
| kleur | Wat is jou gunsteling kleur? |
| neut | Die eekhoring eet 'n neut. |
| beursie | Ek hou my geld in my beursie. |
| kleursel | Ons verf prente met blou kleursel. |
| skeur | Jou broek gaan skeur! |
| geut | Water loop in 'n geut van die dak af. |

| Klanklys 16 – pr- en tr- | |
|---|---|
| proe | Ek proe met my tong. |
| praat | Moenie met kos in jou mond praat nie. |
| prys | Willie het 'n prys gewen. |
| pret | Dit is pret om te verf. |
| prik | Die roos se doring prik haar vinger. |
| trui | Ouma het vir my 'n trui gebrei. |
| trap | Hy trap op my voet. |
| trom | Slaan op die trom. |
| trek | Ons trek ons klere aan. |
| trein | Ek wil op 'n trein ry. |

| Klanklys 17 – ou | |
|---|---|
| blou | Fanna hou van blou. |
| oupa | My oupa en ouma bly in die Baai. |
| grou | Hy grou my met sy naels. |
| klou | Die apie klou aan sy mamma vas. |
| tou | Ek spring lekker tou. |
| vrou | Daardie vrou is baie mooi. |
| kou | Jy moet met jou mond toe kou! |
| gebou | Wie het hierdie huis gebou? |
| flou | As mens groot skrik, dan val jy flou. |
| mou | Daar is verf op my hemp se mou. |

| Klanklys 18 – sm- en sn- | |
|---|---|
| smaak | Die roomys smaak lekker. |
| smul | Ek smul aan die lekker kos. |
| smeer | Mamma smeer botter op die brood. |
| smyt | Smyt weg die stukkende lap! |
| smelt | Ys smelt wanneer dit in die son is. |
| snik | Sy snik soos wat sy huil. |
| snaaks | Die storie is snaaks en laat ons lag. |
| sny | Mens sny vrugte met 'n skerp mes. |
| snak | Ek snak na my asem wanneer ek skrik. |
| snoesig | My kombers is snoesig en warm. |

| Klanklys 19 – ui | |
|---|---|
| uil | Die uil jag in die nag. |
| kuier | Ek gaan by my oom en tannie kuier. |
| spuit | Die boere spuit die bome teen goggas. |
| muis | Daardie muis is op soek na kaas. |
| kajuit | Ons sit in die boot se kajuit. |
| lui | Moenie lui wees nie! Doen jou werk! |
| huis | Daar woon vier mense in ons huis. |
| fluit | Pappa fluit 'n liefdjie terwyl hy werk. |
| uier | Die koei se melk kom deur die uier en spene. |
| buite | Gaan speel 'n bietjie buite. |

| Klanklys 20 – vr-, wr- | |
|---|---|
| vryf | Ek vryf my hande teen mekaar. |
| vrug | 'n Appel is 'n vrug. |
| vraat | Iemand wat te veel eet is 'n vraat. |
| vrot | Die lemoen is oud en vrot. |
| vrag | Daardie trok dra 'n swaar vrag. |
| vreet | Diere vreet hulle kos. |
| vriend | Hy en sy vriend speel sokker. |
| wroem | 'n Motor maak wroem. |
| wrak | 'n Kar wat in 'n ongeluk was is 'n wrak. |
| gewrig | Ek dra my horlosie aan my gewrig. |

| Klanklys 21 -ng | |
|---|---|
| wang | Mamma soen my op my wang. |
| gesing | Ons het in die saal gesing. |
| bang | Ek is bang vir donderweer. |
| meng | Meng die botter en suiker in 'n bak. |
| gang | Loop stil in die gang af. |
| ding | Wat is die ding? |
| lang | Jy was vir 'n lang tyd in die bad. |
| ring | Hy het vir haar 'n ring gegee. |
| vang | Ek gaan jou vang! |
| verlang | Hulle verlang na hulle ouma. |